**NUUSBRIEF VAN**
**DIE WES-KAAPSE VETERAAN-TREKKER & ENJINKLUB**

**Nommer 64** **Julie 2015**



# Denis Usher -

## beoordeel gereeld; veroordeel nooit ...



Denis is tans SAVTEK, ons nasionale liggaam, se sameroeper vir die portefeulje beoordeling. Hy sal daarom dan in sekere kringe die "beoordelingsbaas" genoem word, of die "baas" van die beoordelaars. Maar al is Denis 'n baasbeoordelaar, wil hy tog nooit iemand se "baas" wees nie; eerder iemand se vriend. En vriende het hy baie.

Dis seker nie die maklikste ding om te beoordeel en steeds 'n vriend te wees nie, maar vir Denis kom dit natuurlik. Natuurlik; nie maklik nie, want alles wat die moeite werd is, is nie noodwendig maklik nie. Oor beoordeling sal baie beoordelaars met Denis saamstem.

'n Opvallende eienskap van Denis is sy besondere wye kennis van veteraan-trekkers, maar dis ewe opvallend dat hy deeglik voorbereiding doen voordat hy moet gaan beoordeel. Dis die rede hoekom hy graag wil weet watter soort trekkers beoordeel moet word. En dis dan ook nie snaaks vir hom om met 'n paar handboeke en brosjures by 'n beoordelingsessie op te daag nie. Denis is die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger van die internasionale Massey-Harris-Ferguson organisasie. Dis erkenning wat hy verdien.

Beoordeling is nie vir Denis teorie nie; om te beoordeel het Denis dus geleer deur te restoureer. Hy het al 'n verskeidenheid restoureertake op sy kerfstok. As mens kyk watter trekkers hy graag op skoue vertoon, is die ongerestoureerde Moline uit die dertigerjare van die vorige eeu en die ysterwiel McCormick Deering sy gunstelinge. Dié trekkers is tot onlangs op 'n 1960-model International lorrie na skoue vervoer. Dié veteraan het Denis ongelukkig onlangs verkoop. Dit gaan nou 'n mobiele restaurant raak in Port Elizabeth.

Denis het op die Hoëveld grootgeword, in Potchefstroom landbou gaan studeer en toe in Natal gaan boer voordat hy en sy gesin hulle op Hermanus gevestig het. Hy is tans die operasionele bestuurder van 'n groot perlemoenboerdery.

Maar vir dié vriendelike en innemende Denis moet mens ook maar lig loop. Sy humor dobber naby die oppervlak. Jy dink partykeer nog hy lag met jou, dan lag hy vir jou...







# Persoonlik



Sedert ons laaste nuusbrief verskyn het, is drie van ons lede oorlede, een se vader, en een gewese lid. Op Villiersdorp is **Dennis Viljoen** oorlede. Hy was lank siek. Dis Voorsitter Eniel se pa, en het sy seun sowel as ons klub op so baie terreine ondersteun.
**Dieter Sederer** van Swellendam (Suid-Kaap) is na ’n kort siekbed oorlede. Hy was ons Duitse “Deutz-man”, ook ’n restoureerder en klub-man van formaat.
**Deon Joubert**, ons “Lanz-man” van Riebeek-Wes is ook oorlede. Hy was lankal nie meer die gesondste nie, maar hy het hom deur niks laat onderkry nie.
**Derick Kleynhans se pa** is oorlede. Hy het op Heidelberg geboer en was ook ’n groot steun vir die baie besige Derick. Voormalige lid **De Vos Rabie** is op Worcester oorlede.

**Hierdie vier mense het baie van ons klublede se lewens aangeraak en verryk. Hul gesinne se verlies is vir baie van ons ook ’n persoonlike verlies. Ons klub wil met die naasbestaandes simpatiseer.**



**Deon Joubert se begrafnisdiens was as’t ware ’n reünie van die groep manne wat in 1998 die lang rit padlangs van Kaapstad na Clocolan aangepak en geld vir die Hartstigting ingesamel het.**

**Drie van die “ekspedisielede” het hul laaste eer aan Deon kom betoon, hier by die einste Lanz waarmee Deon die lang pad aangedurf het.**
**Van links: Thys Swart, Christie Maree, Stiaan Hanekom en Gideon Joubert (Deon se seun).**
**Gideon, wat ook al baie betrokke was, gaan voortaan die lid wees wat die familie by die veteraangemeenskap gaan verteenwoordig.**

## Nuus uit Ceres

### ’n donasie, stof en tande…




Cordré (regs) en Juanita v/d Merwe het die tjek van R20 000-00 aan ds. Attie Louw oorhandig.
Juanita was jare gelede die eerste vrou wat by die Wes-Kaapse klub aangesluit het.

**B**y die stroop van die koring wat ons laasjaar met die “Toeka tot Nou-saaidag” gesaai het, het Daniël Goosen die opbrengs van een ton koring aangebied as skenking vir Huis Maudie Kriel. Ons het ‘n donasielys opgestel om sy donasie aan te vul en toe by die mooi bedrag van R20 000 uitgekom! Dis tydens ‘n fondsinsamelingsontbyt aan Huis Maudie oorhandig.

Aangesien dit nog nie gereën het nie, het ons besluit om solank net te ghrob.

Verlede jaar het die koringoes op Elke Somer net gelyk gebreek. Gelukkig het ons ook gegebaal en was dit al wins. Die wins word gewoonlik tussen die klub en grondeienaar verdeel, maar daar is besluit om liewer die bietjie wins terug te ploeg (letterlik!) in die vorm van 25m³ hoendermis. Hopelik sal dit bydra tot 'n beter opbrengs vanjaar, mits die weer saamspeel. (van Cordré Smith)



Oom Dirk Louw byt nie in die stof nie.

## AS JY DIE EKSPO OP VILLIERSDORP GAAN BYWOON

Toegang met naambalkies by die hek, het probleme gegee. Vanjaar gebruik ons gekleurde armbandjies, en om joune te bekom, moet jy soos volg te werk gaan:

DEELNEMERS **(by die deelnemershek aan die rivier se kant)**

**Kom jy Donderdag:** kry jou bandjies die aand by die **gebruiklike saameet**. Villiersdorp nooi. Of gaan haal dit in die kantoor as jy dit nie die aand kan afhaal nie.

**Kom jy Vrydagoggend:** As jy **met jou inskrywings** by die deelnemershek aankom, stop, sê wie jy is, en ontvang die armbandjies daar.

## KLUBLEDE WAT NIE OP VILLIERSDORP GAAN DEELNEEM NIE & BY DIE HEK AAN DIE WESTEKANT INKOM, MAAK SOOS VOLG:

**A** **Kleinklublede** moet op 'n **klubvergadering** hul bestelling by hul voorsitter of sekretaris plaas, wat dit sal bestel en reël vir die verspreiding daarvan.

**B** **Kleinklublede wat nie voor 10 Julie 'n klubvergadering het nie**, of nie een kan bywoon nie, moet hul klubsekretaris skakel en bandjies bestel. Die bandjies sal dan aan hulle gepos word.

**C** **Klublede wat glad nie by kleinklubs betrokke is nie**, moet so gou as kan, maar nie later nie as **15 Julie** soos volg by Wes-Kaap-sekretaris bestel: **Faks:** 086 276 3010 **of** sekr.wk@telkomsa.net **As dit nie anders kan nie:** 022 451 2692**. Gee posadres volledig.**

**Datums:** Skole sluit vir wintervakansie — 26 Junie
**Bestel bandjies by Sekretaris — 15 Julie (op laatste)**
Skole heropen — 20 Julie
**Ekspo op Villiersdorp 7 & 8 Augustus**

> **Lid se gratis toegang:**
> **Lid X 1**
> **Lewensmaat X 1**
> **Kind X 1**
> **Die res betaal.**

**Die gebruik (en misbruik!) van naambalkies:**

Lede word steeds versoek om by byeenkomste hul naambalkies te dra. Ons klub het nou meer as 550 lede en ons ken mekaar nie almal nie, maar ons wil weet wanneer ons een teenkom.

Met armbandjies in plaas van naambalkies as toegangsbewys, word geen klubvoordeel weggeneem nie, en sal lede wat bedank het ook nie gratis toegang kan verkry nie.

**Almal wat in die afgelope jaar aangesluit het, of nuwe naambalkies bestel het, kan dit by die kantoor gaan afhaal.**

---

## Vanjaar se temas:

**Massey-Harris, Ferguson & Massey-Ferguson**

**VOERTUIE**

**In alle opsigte beeld ons die ontwikkeling van TEGNOLOGIE uit.**

**Om die ontwikkeling van TEGNOLOGIE uit te beeld, gaan opwindend wees. Alles en orals gaan items in chronologiese volgorde uitgestal word — ENJINS, TREKKERS, VOERTUIE, PLAAS-MASJINERIE, HANDGEREEDSKAP, MARKTUINGEREEDSKAP, ENS. Die klublid en besoeker moet by alle uitstallings ONTWIKKELING kan sien — van oud tot nuut.**

**Kleinklubs stal chronologies in klubverband uit.**

# Generaal Perón en die Pampa

Gedurende Genl. Juan Perón se tweede termyn in sy eerste presidentskap van Argentinië was een van sy twee doelwitte ekonomiese onafhanklikheid vir sy land. En om ekonomies onafhanklik te wees, moes onder meer die Argentynse boer nie slegs genoeg voedsel vir die nasie produseer nie, maar ook vir uitvoer. En om dit te kon doen, moes sy boere genoeg trekkers hê. Maar hiervan het hulle baie min gehad, want die meeste was arm en alle trekkers was op daardie stadium (1952) ingevoer en dus duur.

Perón het goed geweet dat die VSA baie suksesvolle trekkerprodusente gehad het, maar omdat 'n soort handelsoorlog tussen Argentinië en die VSA geheers het, was Amerikaanse trekkers taboe — nie vir invoer nie en ook nie om onder lisensie te vervaardig nie. Dan maak Argentinië maar self een, het Perón besluit.

Peron stuur toe ingenieurs na die boere om vas te stel watter soort trekkers hulle verkies. Die oorweldigende keuse het op die Lanz Bulldog geval. Dié trekker was eenvoudig om te bedryf en goedkoop om te onderhou. Dit kon op bykans alle verbrandbare olies loop. Selfs olie met die oorsprong by diere met ander olie gemeng was vir hulle aanvaarbaar!
Hulle gaan koop toe twee identiese Bulldog Lanze, die D1506 van 55 perdekrag, in die buurland Uruguay en spring aan die werk. Die een Lanz is heeltemal uitmekaargehaal en die onderdele aan ingenieursfirmas gegee om te kopieer en te begin vervaardig. Binne drie maande was die trekker in produksie. Dit het die naam Pampa gekry en is in 'n treffende oranje geverf.


Aanvanklik is sowat 3600 eenhede tussen 1952 en 1955 onder lisensie in 'n fabriek in staatsbesit in die stad Cordoba in die sentrale deel van Argentinië vervaardig. Soos die naam van die fabriek aandui — Industrias Aeronauticas Mecanicas el Estado (State Aeronautical and Mechanical Industries) — was dit in 'n vliegtuigfabriek.

Die eerste model het tegnies niks van die oorspronklike Lanz verskil nie. Ná Peron in 1955 die verkiesing verloor het, is die naam van die fabriek verander, en is daar blykbaar kleiner veranderings aangebring.

• Oor die laaste tydperk is inligting maar skraps, en dan nog in Spaans ook.



Die Pampa doen die werk waarvoor dit geskep is — stroop koring in een van die graanproduserende streke in Argentinië.




Nuwe regering,
nuwe naam,
nuwe propaganda,
maar
dieselfde fabriek en
dieselfde trekker...








Kyk jy na die modderskerms, is die Pampa aan die regterkant soos die Lanz D1506 in **1952** gelyk het, en vermoedelik soos die eerste Pampas gelyk het. Links 'n latere model.







Slegs 106 Pampas is in die Pampa-register (in Denemarke gehou) aangeteken. Slegs enkeles hiervan is nie in 'n Europeër se besit nie, wat die vraag laat ontstaan of die baie modelle en kleure Pampas nie Europeërs se giere en grille is nie. Waaroor nie vrae gevra hoef te word nie, is of baie Pampas weens die sterk Euro nie ook maar uit Argentinië weg is nie, net soos Suid-Afrika se Lanze.

Generaal Perón (regs) was ook die eggenoot van **Evita Perón** oor wie se lewe die musiekblyspel en die film Evita gemaak is, met die treffende "Don't cry for me Argentina" wat in 1977 in die Westerse wêreld baie gewild was.

Die naam van Pieter Dirk Uys se Evita se Perron op Darling is ook 'n interessante woordspeling op die tema.




# LORRIE STORIES oor

**Toe die Anglo-Boere-oorlog 115 jaar gelede in Suider-Afrika gewoed het, het daar al lorries en busse in Europa rondgery. Teen die tyd van die Eerste Wêreldoorlog was die lorries van die tyd al goed genoeg om in oorlogvoering gebruik te word.**




Carl Benz het in 1895 sy eerste suksesvolle motor met 'n binnebrandmasjien bekendgestel. Die een sukses het tot die volgende gelei en 'n bus en lorrie het gevolg.
Baie gou was Daimler se bus ook op die pad.
Die eerste busse se enjins was klein en swak, en kon ses passasiers vervoer.

**Die wêreld se eerste "bus" met binnebrandmasjien.**




Na die wêreld se eerste motors en busse is verwys as "horseless carriages", waarskynlik omdat dit nie veel meer as koetse met enjins was nie. Ná sowat 15 jaar het ontwerpers al besef dat vragruimte en stewigheid onontbeerlik was.

1912 — die eerste "cab over engine" ter wêreld.

Teen 1914, met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, het die militariste terdeë die voordeel van die binnebrandenjin besef, al is miljoene perde steeds gebruik.
In die VSA is 'n gestandaardiseerde lorrie ontwerp en gebou. Spesifikasies:
**52**pk-petrolenjin; **4**-spoed; **25** k.p.u.
'n **Groep** ingenieurs het ontwerp en dis in 15 fabrieke gebou. Net 2000 van die 9500 wat gebou is, is nié na die front in Europa gestuur nie.


**Die Liberty uit die V.S.A.**







'n 1938 Mercedes Benz bus.
Kyk net die yslike lang neus!
Onder die enjinkap was 'n 12.5 liter sessilinderdieselmasjien.
Hierdie model was die eerste 6x4.

Jy sidder as jy die afstand tussendie modderskerm en die bande interpreteer.




Soos masjiene sterker geword het, en paaie beter, het die voertuie groter geword, en veiligheid belangriker. Later is in die VSA en sekere Europese lande beperkings op die totale lengte van 'n vragmotor of 'n kombinasie van vragmotor-en-sleepwa geplaas, en dis streng afgedwing. Vervaardigers was toe verplig om die kajuit bo-op die masjien te plaas, vandaar die begrip Cab-Over-Engine [COE]. In latere jare is die streng voorskrifte egter weer verslap.

**Die White word bestempel as die eerste moderne COE.**
**Die White lyk aansienlik beter as die Ford van vier jaar later.**
**Die Ford-advertensie (hierbo) sê hoekom die lorrie só lyk**

óNá WOll is streng beperkings geplaas op wat Duitse fabrikante mag vervaardig. Dit het noodwendig ontwikkeling benadeel, sodat die eerste COE-Mercedes Benz-lorrie in 1955 eers op die mark was.





* 1948 Ford Cab-Over-Engine Series F-6 *



This **International DS300** model was purchased new in 1941 by Soldier Brothers Trucking of Toledo, Ohio. It was purchased as part of a small fleet of five trucks. The other four trucks were used, but this one was parked in the garage and not used. The tires were used on the other trucks because tires were hard to get during World War II. As time went on, other parts of this truck were removed and used on other trucks. After the war, Soldier Brothers Trucking bought new trucks. This truck remained parked in the garage for over fifty years. Purchased by a new owner in 1991, the truck was fully restored and brought back to its original condition. Today the truck is a show truck.



**Believe it or not, this rig has a total of only seventeen original miles on it.**

# PIKET PLOETER NIE…

(Apie Richter) 

Op 18 April het die PIKET-klub hul jaarlikse trekkerrit in die Citrusdal Bo-Rivier wyk onderneem. Sewentien veteraan-trekkers het weggespring by Noordhoek, geskiedkundige plaas van nuwe klublede, Charl van der Merwe en sy seun, SW.

Kort na die wegspring is die Olifantsrivier oorgesteek, op pad na die bekende oord, The Baths, waar kampeerders en vakansiegangers baie geamuseerd was en belang gestel het in dié versameling veterane. Ons soort mooi het hulle nie geken nie.

Vyftien kilometer verder, by die bopunt van die vallei, is gebraai en kennis gemaak met die groot groep belangstellendes en potensiële klublede wat die rit meegemaak het.

Daarna is ‘n werkende plaas besoek. Maar kyk net oor watter soort masjinerie beskik dié plaas: 6 MF 65 trekkers, 3 JD 70 trekkers, 2 dorsmasjiene, 1 snymasjien, 12 Fordson trekkers, 3 ou vragmotors, die eerste diesel Isuzu Bakkie, en dan nog ‘n trop donkies ook.

Die Olifantsrivier is weer oorgesteek en Izak Smit se versameling van ongeveer 30 trekkers en vele ander toerusting is besigtig. Daaronder is 16 MF en Ferguson trekkers en ‘n paar donkies wat ‘n ogie oor die versameling hou.

Dertien kilometer verder het die sewentien trekkers wat die rit begin het, sonder enige ongevalle weer by Noordhoek aangekom waar daar entoesiasties oor die volgende rit gesels is. Hou dop!



Piket tree aan op die mooie Citrusdal.

## PLOEGDAG HERLEEF OP BRANDVLEI

(Gideon Bruwer laat weet)

Danksy die personeel van Kleinplasie en van ons klublede, veral lede afkomstig van Worcester, Villiersdorp en die Tafelberg-klub, is ’n suksesvolle ploegdag ná amper vyftien jaar weer ’n slag by die Brandvlei-gevangenisplaas gehou.

Lede het met 24 trekkers en twee ou lorries opgedaag. Vier trekkers het padlangs gekom. Weens die winterreëns wat sloer, was dit maar ’n stowwerige affêre, maar so lekker soos altyd. Ploeërs en kykers het dit ewe veel geniet.

Gideon Bruwer het die besoekers kortliks oor die geskiedenis van ons klub ingelig. Kleinplasie se mense het vleis gebraai en roosterkoek verkoop; Johan Stemmet het witblits gestook en ander lekker eetgoed gemaak.

**Ons glo dat dit baie mense se wens is dat dié ploegdag sal voortleef.**



Johannes Uys het “sy hand aan die ploeg geslaan”.



Wes-Kaap en Villiersdorp se voorsitter, Eniel Viljoen, ondersteun op sy Landini dat die stof so staan.



Gert en Antoinette Lerm (regs) het van Vredenburg af gery om die ploegdag by te woon.

**Eniel en Johannes is tans onderskeidelik die voorsitter en ondervoorsitter van die Wes-Kaapse klub.**

# TOE TOT NOU-FEES 2015

(Mariette Krige)



Die Tafelberg-Erfgoedversamelaars het ‘n besige tyd gehad vanaf 28.2 2015 tot 28.3 2015.

28 Februarie en 14 Maart het die Kleinklub deelgeneem aan kleiner uitstallings by onderskeidelik die TOEKA-fees in Brackenfell en die Durbanville-plaasfees op Diemersdal.

Deelname aan die TOE tot NOU-fees, 28 Maart 2015, was egter die grootste. Die fees het baie eerstes vir die Bellville area gebring. Die optog vanaf AGRICO (Andrag) tot by die Westcliff Vaardigheidskool was ‘n eerste vir die noordelike voorstede, so ook die tipe uitstalling van veteraan-trekkers en -enjins. Die trekkers is by AGRICO afgelaai, want stedelinge het nie gebruik vir ‘n laaibank nie, en het daarvandaan in ‘n optog tot by die skool gery. Die volkspelers het op die wa saamgery en reaksie van die motoriste ontlok sover as wat die optog gery het.

Veteraan-trekkers, enjins en erfgoed is uitgestal, demonstrasies is gedoen en twee kanonskote is geskiet! Aan een kant van die terrein, saam met veteraan-trekkers, het Agrico nuwe trekkers uitgestal. Veteraan-motors het die anderkant van die terrein versier. Die Land Rover-klub het ‘n uitstalling van Land Rovers gehad en die Heritage Group het die voertuie en toerusting van die Tweede Wêreldoorlog en “Bosoorlog” uitgestal. Die “start parade” van die veteraan-trekkers het lekker reaksie ontlok. Kommentaar daaroor was volop! Een persoon het opgelet dat hy nooit geweet het ‘n “motor-ding kan sonder ‘n sleutel aan die gang kom nie”. Omtrent alles was eerstes vir Bellville en die noordelike voorstede!

Die uitstal van veteraan-toerusting en klein erfgoed het verskeie instansies geïnspireer en hulle het saamgespan om ‘n unieke uitstalling te doen. Die Poskantoor, genealogie en filatelie het pragtig ingeskakel. Veral die Poskantoor se toerusting het baie aandag getrek.

Die lede van Villiersdorp het saam kom uitstal, so ook Nico Lubbe se smidswinkel en Johan Stemmet met sy moskonfytkokery.Schalk Rabie se sweepslanery het lekker reaksie ontlok en Haidee Muller van RSG, wat onderhoude kom voer het met van die uitstallers, se begeerte om sweep te slaan ook aangewakker. Die volkspelers het gedans en Hekel Innie Kaap se dames het belangstellendes geleer hekel. Verder kon dié wat avontuurlik gevoel het, probeer om hulle voertuie te balanseer.

**Afgesien van die blootstelling vir die klub en die fondse wat vir die skool ingesamel is, is baie van die stedelinge weer bewus gemaak van die waarde van hul geskiedenis en die waardevolle erfgoed in hul besit.**



’n Paar van Tafelberg se voorste voorvatters. Dit lyk dan nou of hulle vir hulself ’n uniform ontwerp het.

Hulle is van links: Francois van Rooyen, Joubert Snyman, Danie van Rooyen, Johann Rust, Pierre Krige.



Hierdie klompie plaastrekkers het heel tuis in die stadsomgewing gelyk.

# HANDEL & KWANSEL



1. **As jy weet van iemand wat 'n BMW Izetta wil verkoop, of weet van iemand wat weet van iemand wat van so 'n mini-motortjie ontslae wil raak, bel asseblief dadelik 022 451 2692 en vertel.**

2. **Paul van Heerden** soek 'n **eensilinder Deutz trekkertjie** om te restoureer. Bel hom by **082 551 5688** as jy enigsins kan help. Paul soek 'n maat vir sy eensilinder Steyr.

3. 

Vir die **glasbuise** van hierdie soort pomp vra sommige mense mos 'n plaas se geld. Johnnie Verreynne het nou iemand givind wat die buise en veel meer "pomp"-produkte teen 'n billike prys vervaardig.
**Hy is Wade Kidwell van Umbilo in KZN 031 205 7022 of 073 160 6929.**

Vra 'n pryslys aan by kidwellw@telkomsa.net

## *Lees asseblief hier. Belangrik om te weet:*

**1.** Die geborgde busrit na die **nasionale skou in Pietermaritzburg** is van die baan weens te min belangstelling. Deelnemers soos **uitstallers** en **beoordelaars** sal nou hul eie reëlings tref en steeds 'n deel van hul onkoste eis, aangesien die bedrag as subsidie eerder aangevul as verminder sal word. Mense gril vir 'n deurnagryery...

**2.** Ons sal so ver as moontlik die **besoek aan Natal** tydens **ons ekspo** finaliseer.

**3. 'n Lid** wat 'n **1ste** of **2de plek** op ons 2014 en –15 ekspo's behaal het, mag vir die nasionale skou inskryf, maar net items wat **90%+** behaal het, sal **gesubsideer** word.

## Belangrike [kontak-]besonderhede vir ons ekspo op Villiersdorp:

a. om te kampeer of in koshuis te gaan bly — Elma van Dyk 028 840 1104
b. toeristeburo vir gastehuise — 028 840 0082 & info@villiersdorptourism.co.za
c. sameroepers Massey-Harris-Ferguson —
Francois Erasmus 082 820 1001 of Freddie Truter 072 252 5381
d. sameroeper Alle enjins - Andy Selfe; **082 783 9267**; aselfe@mweb.co.za
e. **Ons wil graag vanjaar so veel as moontlik enjins sien wat implemente aandryf.**
f. **Inligtingsplakkate** by alle uitgestalde items sal baie waardeer word.
g. Ná 31 Julie kan jy 'n **ekspoprogram** by sekr.wk@telkomsa aanvra.
h. Al het ons fabrikaat-temas — Massey-Harris-Ferguson en Lister — kan jy **enigiets na die ekspo bring**. Dit word by die fabrikaat-tema, of by jou kleinklub, of uitgestal om die ontwikkeling van tegnologie te demonstreer. **Elke klublid is welkom om te bring wat hy wil**. En as jy iets baie spesiaal het om 'n tema aan te vul, en jy word gevra om dit te bring, kan ons nog oor 'n "vervoersubsidie" ook gesels.






# DAGBOEK — DAGBOEK — DAGBOEK

**JUNIE**

13: Bredasdorp by die Patatfees op Napier betrokke
20: Piket besoek PPC (sementfabriek)

**JULIE**

18: Piket se ploegdag
25: Swartland se Ploegdag by **Môreson**
25: W.P. woon Swartland se ploegdag by

**Op N7, 10 km aan Kaapstad-kant van Malmesbury.**
**Begin: 10:00**
**Vrae: 072 252 5381**

**AUGUSTUS**

1: Ceres/KBV se Plaaslike Museumdag (Togryersmuseum)
**7 & 8: WES-KAAP SE JAARLIKSE EKSPO OP VILLIERSDORP**
22& 23: Engine Society's Winter Warmup – 082 783 9267
28 & 29: Ceres, Swartland & W.P. neem almal deel aan die Trekkerrit na die Vleisfees op Calvinia.

**SEPTEMBER**

5: Olifantsrivier se ploegdag naby Klawer
10-12: Swartland by skou op Moorreesburg betrokke
16 tot 19: Bredasdorp by Agri-Mega-week betrokke
24-26: Swartland by Malmesburyskou betrokke
24: Ceres/KBV se Erfenisdag-trekkerrit
**25-27: SAVTEK se NASIONALE SKOU PIETERMARITZBURG**

**OKTOBER**


3-5: Suid-Kaap se trekkerrit naby Barrydale
10: Langeberg betrokke by Robertson se Lenteskou
16: Ceres/KBV betrokke by Karoo Kultuurfees op PA Hamlet
31: Kaleo-Trekkerdag in die Koue Bokkeveld

**Merk op jou kalender: 5 Desember — Oesdag op Moorreesburg.**
**Borgskappe betrokke: Koringbedryfmuseum word bevoordeel.**



**"Age is an issue of mind over matter. If you don't mind, it doesn't matter."**
**Mark Twain**

**Sien jou by die ekspo, dalk nog met jou lorrie.**
**Onthou om jou toegangsbandjie te bestel.**



**EINDE VAN NUUSBRIEF**